SAKE 24 (Beeld)
Tuesday, 10 February 2009, p. 2

China gaan Afrika se ridder op 'n wit perd wees, sê kenner

Jaco Leuvennink, Kaapstad

China se ekonomie gaan ondanks die huidige skerp afswaai 'n toonaangewer bly, wat positiewe nuus is vir Afrika, meen 'n kenner van Oosterse sake.

Dr. Martyn Davies, uitvoerende direkteur van die Sentrum vir Chinese Studies aan die Universiteit van Stellenbosch en hoof van Frontier Consultancy, het by 'n ontbytbyeenkoms van die US Bestuurskool in Bellville gesê China het Afrika weer op die ekonomiese wêreldkaart geplaas.

China het naamlik so tien jaar gelede besef dat om stewig te bly groei, sal massiewe hoeveelhede grondstowwe benodig word. En Afrika is die ideale verskaffer. China en Afrika se groei is dus interafhanklik; dié van China hang af van die verskaffing van grondstowwe deur Afrika en dié van Afrika van die vraag na grondstowwe in China.

Hoewel China se groei verlede jaar tot onder 7% verlangsaam het nadat dit jare lank meer as 10% per jaar was en die raming vir vanjaar sowat 4,5% is, is die groeikrane volgens Davies nou weer "vol oopgedraai".

Hy meen China se groeiverlangsaming het eintlik die kredietkrisis in die Weste en algemene wêreldafswaai voorafgegaan omdat die Chinese regering self uit vrees vir 'n oorverhitting sy eie groei "begin saboteer" het.

"Die Chinese het egter gou besef hul tydsberekening was baie swak en is nou weer volstoom groeigerig."

Hy het gesê die Chinese banke is, anders as wat meestal gedink word, goed in staat om onder sentrale regeringsleiding teensiklies op te tree. Dit kan die vraag na grondstowwe in Afrika mettertyd weer laat toeneem.

Davies, wat 14 jaar in Asië gewerk het, het vertel hoe 'n prominente Chinese regeringsleier oudpres. Nelson Mandela voor 1994 op 'n beraad van die Wêreld- Ekonomiese Forum in Davos oortuig het om die pad van nasionalisasie ten gunste van privatisering te laat vaar.

Hy het gesê China is anders as die Weste wat versigtig is om met winsmakery in Afrika verbind te word en is openlik daaroor dat hulle (en hul vennote in Afrika) geld moet maak. In die proses word vervoerinfrastruktuur geskep en risiko- en finansieringsmodelle aangepas.

Davies het ook gewaarsku oor sekere werklikhede van betrekkinge met China.

Só byvoorbeeld gaan China volgens hom toenemend aan die verbruikersmark in Afrika voorsien omdat plaaslike vervaardigers nooit met die Chinese sal kan meeding tensy "baie moeilike" politieke en maatskaplike besluite geneem word nie. Hy het gesê die mededinging in Asië is geweldig straf en baie Chinese kleinhandelaars migreer na Afrika omdat "hulle nie kan glo 'n mens kan 'n broek of 'n hemp vir so 'n groot bedrag verkoop nie".

De-industrialisasie en ontwrigting van tradisionele handel word dus deur hom voorspel. Plaaslike sakelui moet hulle reg posisioneer om die Chinese model as alternatiewe ontwikkelingsmodel behoorlik te benut.